

## 7 Augustus

## Openbaring 3:1-6 (3:1)

### *Lewendiges is soms dooies*

In die gemeente van Sardis het alles klopdisselboom gegaan - oënskynlik. Daar was nie dwaalleraars en die gepaardgaande woelinge en onmin nie. Die Sardoniëte is nie tereggewys oor iets wat hulle verkeerd gedoen het nie. Dit het gelyk of alles rustig en vreedsaam gaan.

Wanneer alles rustig gaan op die godsdienstige vlak van 'n mens se lewe beteken dit nie dat alles noodwendig pluis is nie. Gereelde Bybellees en bid, erediensbywoning en katekisasie-onderrig is nie altyd 'n getroue barometer dat dit goed gaan in 'n mens se lewe voor God nie. So 'n rustige, kalm lewe voor God is soms eerder 'n begrafplaas-vrede eerder as 'n vredevolle lewe voor die aangesig van die Here. So was dit met die gelowiges in Sardis. Hulle het die naam gehad dat hulle lewe en tog was hulle dood. Wanneer godsdiens 'n uiterlike pligpleging geword het, is dit tyd vir bekering. Dit is tyd om terug te gaan na die begin: die boodskap van Jesus Christus. Aan die ander kant is daar die heerlike troos dat die lidmate wat miskien vir baie jare reeds stry om in 'n lewende verhouding met God te leef en voortdurend onder die indruk bly van God se groot genade in Jesus Christus, deur God waardig geag word om met klere, wit klere aan by Hom te wees. Hulle sal deel hê aan die heerlike feesmaal wat God vir sy kinders voorberei.

Sing: Skrifberyming 42:1, 4, 5

Ds. E.J. de Beer (Laeveld)